**LIEDBOEKE:** Ons vra dat lidmate wat die harde rooi omslag liedboekies het, wat hulle nie meer gebruik nie, vir Vleesbaai gemeente sal skenk. Ons het nie 'n skerm en truprojektor om die woorde van die liedere te vertoon nie. Vakansietye is dit 'n probleem wanneer ons baie besoekers het. Indien ons genoeg boekies kan kry, het ons nie nodig om kostes aan te gaan om die huidige blou afgerolde Sangbundels aan te vul nie. Handig dit asb in by die kerkkantoor. Dankie.

**WEBWERF:** Ron Lareman is ons webmeester en hanteer ook ons Twitter rekening. Hy sal vandag (17 September) net na die diens meer inligting gee (in die saal). Dis 'n baie handige instrument om ingelig te bly - veral vir ons kinders en kleinkinders in die buiteland. Diegene wat na sy verduideliking kom luister, kry 'n koppie koffie/tee en skakel in.

**KERSFEESVREUGDE VIR MINDERBEVOORREGTE KINDERS:** Die organisasie Santa Shoebox poog om teen 2019 vir 1 miljoen minder- bevoorregte kinders 'n skoenboks vol items as 'n kersgeskenk te gee. In 2016 is reeds 655 000 skoenboksgeskenke uitgedeel. Die getalle van mense wat deelneem aan die projek groei jaarliks.

Onthou asb alle items moet nuut wees, moet ouderdomsgepas wees en alles moet binne 'n skoenboks pas! Die voornaam en ouderdom van die kind sal aan belangstellendes gegee word, en dit sal aan minderbevoorregte kinders in die Mosselbaai area geskenk word. Die skoenbokse moet die volgende bevat:

Tandepasta, koekie seep, waslap, klere item, iets opvoedkundigs, lekkergoed, 'n speelding.

Die skoenboks moet netjies toegedraai word in geskenkpapier. Organisasies kon registreer vir hulp aan kinders wat dit regtig nodig het, en die gesinne is deur vrywilligers besoek en die nood is geverifieër. Die kinders wat baat vind se voorname en ouderdom word aan persone gegee wat aan die projek wil deelneem, sodat geskenke by ouderdom van kinders kan pas.

Vas vir 'n tyd, of spaar vir 'n maand of twee, so 'n kersgeskenk kos ongeveer R320.00 per skoenboks. Kom neem deel en maak 'n kinderhart bly!

Gee u naam en verkieslik 'n selfoonnr aan die kerkkantoor deur en ons sal verdere inligting per sms of whatsapp deurgee.









# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 17 September 2017**

*Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom". (Markus 16:15)*

reformasie 500

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Bediening aan die Jode.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds Danie) en op Vleesbaai (ds A. Zietsman).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Stranddienste.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen — langnaweek.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 sitkamer.
Dinsdag 09:30 in die kerk.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie by sy huis en Dinsdag om 19:00 Tienie Bothastr en Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.



**Dinsdag:** Saambidgeleentheid om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Danie).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

***Onthou ons gemeente se webblad is by: www.suidkerkmsb.co.za***

## BANKBESONDERHEDE

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Zimbabwe/Malawi/Mosambiek was R2120-00.

**KOSKAS:** SEPTEMBER is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae by Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**TE KOOP:** Pekanneute in dop (R100/kg of R50/500g) is by die kerkkantoor te koop.

**KOM WEES DEEL:** Woensdae vanaf 10:00—12:00 kuiergroepie vir dames. Bring jou brei– of hekelwerk kom kuier heerlik saam in die kerksaal.

**KERKKANTOOR GESLUIT OP 25 SEPTEMBER— VAKANSIEDAG.**

## 70-PLUSSERS TEE:

Ons nooi alle 70-plussers uit na 'n nostalgiese tee.

Woensdag, 27 September 2017 om 15:00 in die kerksaal.

Kontak die kerkkantoor indien u dit wil bywoon.



## VROUE OGGEND

**NG MOSSELBAAI-SUID KERKSAAL**

**14 Oktober 2017**

**om 09:30**

**Toegang: R50**

**Tema: Vier die lewe!**

Kom lag en geniet die oggend met mooi musiek, opvoering en tuinwenke. Daar sal ook gelukkige prystrekkings wees, asook stokperdjie uitstallings. Heerlike tee en verversings sal bedien word.






Vyfhonderd jaar tevore was die waarheid van die evangelie op die spel. Martin Luther se lees van Hab 2:4 en Rom 1:17 het daartoe gelei dat hy op 31 Oktober 1517, 95 stellings op die kerk in Wittenberg se deur vasgespyker het. Die BYBEL is duidelik: net JESUS kan jou red. En hierdie verlossing is sonder ons eie verdienste op grond van God se GENADE, en jy ontvang vryspraak alleen deur GELOOF. Maar Hy red jou tot 'n lewe wat AAN GOD AL DIE EER bring.
Hierdie week se tema: "Voel God se ritme" - Missio dei.



## GEBEDSBULLETIN

***Tema vir September: Sendelinge***

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Reformasie 500: Om VREUGDEVOL VRY te leef en deel van God se plan te wees (missio Dei).
* Die NG Kerk se sendingspore wat meer as 130 jaar in Afrika lê.
* Sendelinge wat hulle geliefdes in hulle land van herkoms agterlaat om die boodskap elders te verkondig.
* Arbeidsbediening wat oop deure en geleenthede by die werksplekke het.

**Hierdie week se VOORBIDDING:**

* Bediening aan die Jode. Ds Francois Wessels en me Cecilia Burger reik uit na Jode. Bid vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad. (Messiaanse Jode is Jode wat glo dat Jesus die Messias en Here is maw Christen-Jode.) Beit Ariel hou eredienste, vier Joodse feeste en leef hulle geloof uit vanuit die perspektief dat die Messias reeds gekom het en weer kom.
* Versoening, vergifnis, herstel van verhoudinge.
* Voorsiening in die finansiële behoeftes van ons sendelinge asook vir hulle verhoudinge met familie wat agterbly in lande van herkoms.
* Medies in SA - almal wat MIV+ is of reeds VIGS het. Bid vir geleenthede sodat elkeen die evangelie kan hoor; dat hulle honger en dors sal wees om van die lewe ná die dood te hoor, en ook ontvanklik om Jesus as die weg, die waarheid en die ewige lewe te ontvang.
* Matrieks in die laaste pylvak van hulle skoolloopbaan.
* Genoeg reën sodat die Weskaap se damme kan vol word.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

**SIEKES:** Johan Meyer 12de Laan, Jan vd Merwe Hartenzicht, Japie Barnard Hofmeyrstr, Chris Snyman Hofmeyrstr, Pieter Kempen Boggomsbaai, Riekie Janse van Rensburg Plaas Misgunst, Madeleine van Eeden Vleesbaai, Magriet de Villiers Danabaai aftreeoord, Johlene Muller plaas Patrysfontein, Barbara van Zyl Con vd Wattstr, Juliana Benn Ken Andrewstr

**STERFTES:** Henna Pretorius Seringstr (eggenoot van André en ma van Nadia Venter), Dennis Prins Karveelsingel (eggenoot van Riana), Magriet de Villiers Danabaai aftreeoord (Troosdiens Maandag 11:00 op Vleesbaai)